




DIE PROVINSIE TRANSVAAL Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)



THE PROVINCE OF TRANSVAAL Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 20c Plus 2c A.V.B.

OORSEE: 30c

PRICE: S.A. 20c Plus 2c G.S.T.

OVERSEAS: 30c

VOL. 229

PRETORIA 19 DESEMBER 1984
19 DECEMBER

4359

BELANGRIKE AANKONDIGING

SLUITINGSDATUM VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS, ENSOVOORTS

Aangesien 25 en 26 Desember 1984 en 1 Januarie 1985 openbare vakansiedae is, sal die sluitingstyd vir die aanname van Administrateurskennisgewings, ensovoorts soos volg wees:

16h00 op Vrydag 14 Desember 1984 vir die uitgawe van die Provinsiale Koerant van Donderdag 27 Desember 1984;

16h00 op Donderdag 20 Desember 1984 vir die uitgawe van die Provinsiale Koerant van 2 Januarie 1985.

LET WEL: Laat kennisgewings sal in die daaropvolgende uitgawe geplaas word.

PROVINSIALE SEKRETARIS

K 5-7-2-1

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL (Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria geadresseer word, en indien per hand afgelewer, moet dit by Kamer A1023(a), Provinsiale Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R10,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 30c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 20c elk plus AVB.

Verkrygbaar by Kamer A600, Provinsiale Gebou, Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aannee van Kopie

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R2,60 per sentimeter of deel daarvan.
Herhalings — R2,00.

IMPORTANT ANNOUNCEMENT

CLOSING TIME FOR ADMINISTRATOR'S NOTICES, ETCETERA

As 25 and 26 December 1984 and 1 January 1985 are public holidays, the closing time for acceptance of Administrator's Notices, etcetera, will be as follows:

16h00 on Friday 14 December 1984 for the issue of Provincial Gazette on Thursday 27 December 1984;

16h00 on Thursday 20 December 1984 for the issue of Provincial Gazette on Wednesday 2 January 1985.

N.B.: Late notices will be published in the subsequent issue.

PROVINCIAL SECRETARY

K 5-7-2-1

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL (Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in at Room A1023(a), Provincial Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R10,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 30c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 20c each plus GST.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria 0002.

Closing Time for Acceptance of Copy

All Advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column — R2,60 per centimetre or portion thereof. Repeats — R2,00.

Enkelkolom — 90c per sentimeter. Herhalings — 60c.

Intekengefde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

C C J BADENHORST
namens Provinsiale Sekretaris

Proklamasies

No 164 (Administrateurs-), 1984

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE
PROVINSIE TRANSVAAL

Ingevolge artikel 45(2) van die Onderwysordonnansie, 1953 (Ordonnansie 29 van 1953), sluit ek hierby die provinsiale onderwysinrigting, naamlik die Dinwiddie High School in Deel (A) van die Eerste Bylae by daardie Ordonnansie in.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 29e dag van November, Eenduisend Negehoenderd Vier-en-tagtig.

W A CRUYWAGEN
Administrateur van die Provinsie Transvaal
T.O. In. 2309-1

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 2216 5 Desember 1984

MUNISIPALITEIT VAN SPRINGS: VOORGESTELDE
VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Springs 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit van Springs verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B306, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk van Springs, ter insae.

PB 3-2-3-32

BYLAAG

GBIED WAT VAN BENONI MUNISIPALITEIT BY
SPRINGS MUNISIPALITEIT INGELYF MOET WORD

Begin by Baken B op Kaart A4007/67 van Gedeelte 44 van Modderfontein 76 IR; dan ooswaarts langs die noordelike grens van genoemde Gedeelte 44, tot by Baken C daarvan; dan suidweswaarts langs die suidoostelike grens

Single column — 90c per centimetre. Repeats 60c.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

C C J BADENHORST
for Provincial Secretary

Proclamations

No 164 (Administrator's), 1984

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF
THE PROVINCE TRANSVAAL

In terms of section 45(2) of the Education Ordinance, 1953 (Ordinance 29 of 1953), I hereby include the provincial educational institution, namely, the Dinwiddie High School in Part (A) of the First Schedule to that Ordinance.

Given under my Hand at Pretoria, this 29th day of November, One thousand Nine hundred and Eighty-four.

W A CRUYWAGEN
Administrator of the Province Transvaal
T.O. In. 2309-1

Administrator's Notices

Administrator's Notice 2216 5 December 1984

SPRINGS MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION
OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Springs Municipality has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Springs Municipality by the inclusion therein of the area described in the schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B306, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Springs.

PB 3-2-3-32

SCHEDULE

AREA FROM BENONI MUNICIPALITY TO BE INCORPORATED IN SPRINGS MUNICIPALITY

Beginning at Beacon B on Diagram A4007/67 of Portion 44 of Modderfontein 76 IR, thence eastwards along the northern boundary of the said Portion 44 to Beacon C thereof; thence south-westwards along the south-eastern

van genoemde Gedeelte 44 tot by die punt waar gekruis word deur die verlenging suidooswaarts van sy AB op kaart van genoemde Gedeelte 44; dan noordweswaarts langs genoemde verlenging tot by Baken B op kaart van genoemde Gedeelte 44, die beginpunt.

BYLAAG

GEBIED VAN BRAKPAN MUNISIPALITEIT WAT BY SPRINGS MUNISIPALITEIT INGELYF MOET WORD

Begin by Baken A op Kaart A5041/84 vir proklamasiedoeleindes oor Modderfontein 76 IR; dan suidooswaarts langs die noordoostelike grense van Gedeelte 36 (Kaart A3865/65) en Gedeelte 44 (Kaart A4007/67), albei van genoemde Modderfontein 76 IR tot by Baken B op kaart van laasgenoemde gedeelte; dan suidooswaarts langs die verlenging van die sy AB op kaart van genoemde Gedeelte 44 tot by die punt waar dit die sy CD daarvan kruis; dan suidweswaarts langs die suidoostelike grens van genoemde Gedeelte 44 tot by Baken K op genoemde Kaart A5041/84; dan noordweswaarts langs die suidwestelike grens van genoemde Kaart A5041/84 tot by Baken A daarvan, die beginpunt.

Administrateurskennisgewing 2300

12 Desember 1984

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Ingevolge artikel 3(6) van bogenoemde Wet word hiermee kennis gegee dat onderstaande aansoek deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang is en ter insae lê by Kamer B506, Transvaalse Provinsiale Administrasie Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die betrokke plaaslike bestuur.

Enige beswaar, met volle redes daarvoor, moet skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, ingedien word op of voor 9 Januarie 1985.

Isabel Bisset Smith, vir —

1. die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Lotte 276 en 277, dorp New Doornfontein ten einde dit moontlik te maak dat die lotte gebruik kan word vir besigheidsdoeleindes; en

2. die wysiging van die Johannesburg-dorpsbeplanning-skema, 1979, deur die hersonering van die lotte van "Residensieel 4" tot "Besigheid 4" die dekking van 60 % na 40 %, die vloer ruimte verhouding van 2.4 na 1.0.

Die aansoek sal bekend staan as Johannesburg-wysiging-skema 1322.

PB 4-14-2-2010-4

Karvette (Proprietary) Limited, vir —

1. die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Gedeelte 1 van Lot 2313 en Lot 2314, dorp Houghton Estate ten einde dit moontlik te maak dat die terrein onderverdeel kan word en dat 'n woonhuis opgerig kan word; en

2. die wysiging van die Johannesburg-dorpsbeplanning-skema, 1979, deur die hersonering van die lot en gedeelte van die lot van "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per erf tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 2 000 m².

Die aansoek sal bekend staan as Johannesburg-wysiging-skema 1323.

PB 4-14-2-619-73

boundary of the said Portion 44 to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of Boundary AB on diagram of the said Portion 44; thence north-westwards along the said prolongation to Beacon B on diagram of the said Portion 44, the place of beginning.

SCHEDULE

AREA FROM BRAKPAN MUNICIPALITY TO BE INCORPORATED IN SPRINGS MUNICIPALITY

Beginning at Beacon A of Diagram A5042/84 for proclamation purposes over Modderfontein 76 IR; thence south-eastwards along the north-eastern boundaries of Portion 36 (Diagram A3865/65) and Portion 44 (Diagram A4007/67) both of the said Modderfontein 76 IR, to Beacon B on diagram of the lastnamed portion; thence south-eastwards along the prolongation of Boundary AB on diagram of the said Portion 44, to the point where it intersects Boundary CD thereof, thence south-westwards along the south-eastern boundary of the said Portion 44, to Beacon K on the said Diagram A5041/84; thence north-westwards along the south-western boundary of the said Diagram A5041/84; to Beacon A thereof, the place of beginning.

Administrator's Notice 2300

12 December 1984

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the abovementioned Act that the undermentioned application have been received by the Director of Local Government and are open for inspection at Room B506, Transvaal Provincial Administration Building, Pretorius Street, Pretoria, and at the offices of the relevant local authority.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Director of Local Government, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, on or before 9 January 1985.

Isabel Bisset Smith, for —

1. the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Lots 276 and 277, New Doornfontein Township in order to permit the lots being used for business purposes; and

(2) the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the lots from "Residential 4" to "Business 4" the coverage from 60 % to 40 %; the floor air ratio from 2.4 to 1.0.

This application will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1322.

PB 4-14-2-2010-4

Karvette (Proprietary) Limited, for —

1. the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Portion 1 of Lot 2313 and Lot 2314, Houghton Estate Township in order to permit the subdivision of the site and the erection of a new dwelling; and

2. the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the lot and portion of the lot from "Residential 1" with a density of one dwelling per erf to "Residential 1" with a density of one dwelling per 2 000 m².

This application will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1323.

PB 4-14-2-619-73

Henry Hans Gert Groesser, vir —

1. die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Erf 59, dorp Essexwold ten einde dit moontlik te maak dat die erf onderverdeel kan word en die boulyn verslap kan word; en

2. die wysiging van die Noordelike Johannesburgstreek-dorpsbeplanningskema 1, 1958, deur die hersonering van die erf van "Spesiaal Residensieel" met 'n digtheid van een woonhuis per erf tot "Spesiaal Residensieel" met 'n digtheid van een woonhuis per 15 000 vkt vt.

Die aansoek sal bekend staan as Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema 864.

PB 4-14-2-449-5

Doornfontein Development Company (Pty) Ltd, Ronay Four (Pty) Ltd, Ronay Eleven (Pty) Ltd, en Ronay Fifteen (Pty) Ltd, vir —

1. die wysiging van titelvoorwaardes van die bogenoemde gedeeltes en lotte in New Doornfontein Dorp ten einde dit moontlik te maak dat die lotte gebruik kan word vir besigheidsdoeleindes en 'n restaurant; en

2. die wysiging van Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, deur (i) die wysiging van die sonering van Ged 2 van Lot 32, Ged 1 van Lot 33, Ged 1 van Lot 43, Ged 2 van Lot 44, Ged 1 van Lot 981 en Lot 982, New Doornfontein Dorp, deur die VOV van 1,5 na 1,2 te verminder met die behoud van die sonering "Besigheid 4"; (ii) die wysiging van die sonering van Lotte 323, 324, 325, 371, 372, 373, 387, 388, 389, Ged 1 van Lot 390, Lotte 428, 429, 430, 431, Ged 2 van Lot 444, Ged 1 van Lot 997 en Ged 1 van Lot 999, deur die gebruiksonering van "Residensieel 4" na "Besigheid 4" te verander met 'n VOV 1,0 hoogte 4 verdiepings, dekking 35 %, onderworpe aan sekere verslappingsbepalings ten gunste van die raad; soos uiteengesit in die aansoekdokumente.

Die wysigingskema sal bekend staan as Johannesburg-wysigingskema 865.

PB 4-14-2-2010-5

The Johannesburg Golf Club Limited, vir —

1. die wysiging van titelvoorwaardes van Erwe 129 tot 133, Linksfeld ten einde dit moontlik te maak om tien woonhuise op te rig; en

2. die wysiging van die Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, deur die hersonering van die gemelde terrein van "Privaat Oopruimte" tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 1 500 m².

Die wysigingskema sal bekend staan as Johannesburg-wysigingskema 1324.

PB 4-14-2-776-4

Administrateurskennisgewing 2327 19 Desember 1984

VERKLARING VAN TOEGANGSPAD OOR DIE PLAAS BUISKOP 464 KR

Die Administrateur verklaar hiermee dat ingevolge die bepalinge van artikel 48(1)(a) van die Padordonnansie, 1957, 'n toegangspad, 8 meter breed oor Gedeeltes 38 en 40 van die plaas Buiskop 464 KR sal bestaan.

Die algemene rigting, ligging en omvang van die reserwebreedte van gemelde toegangspad, word op bygaande sketsplan aangetoon.

Ooreenkomstig die bepalinge van artikel 5A(3) van ge-

Henry Hans Gert Groesser, for —

1. the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Erf 59, Essexwold Township in order to permit the erf being subdivided and the building line to be relaxed; and

2. the amendment of the Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1, 1958, by the rezoning of the erf from "Special Residential" with a density of one dwelling per erf to "Special Residential" with a density of one dwelling per 15 000 sq ft.

This application will be known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme 864.

PB 4-14-2-449-5

Doornfontein Development Company (Pty) Ltd., Ronay Four (Pty) Ltd, Ronay Eleven (Pty) Ltd, and Ronay Fifteen (Pty) Ltd, for —

1. the amendment of the conditions of title of the above-mentioned portions and lots in New Doornfontein Township in order to permit the lots being used for business purposes and a restaurant; and

2. the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, (i) by amending the zoning of Ptn 2 of Lot 32, Ptn 1 of Lot 33, Ptn 1 of Lot 43, Ptn 2 of Lot 44, Ptn 1 of Lot 981 and Lot 982, New Doornfontein Township, by reducing the FAR from 1,5 to 1,2 while retaining the zoning "Business 4"; (ii) by amending the zoning of Lots 323, 324, 325, 371, 372, 373, 387, 388, 389, Ptn 1 of Lot 390, Lots 428, 429, 430, 431, Ptn 2 of Lots 444, Ptn 1 of Lot 997 and Ptn 1 of Lot 999, by changing the use zone from "Residential 4" to "Business 4" with a FAR of 1,0 height 4 storeys, coverage 35 %, subject to certain provisions for relaxation in favour of the Council, as set out in the application documents.

This amendment scheme will be known as Johannesburg Amendment Scheme 865.

PB 4-14-2-2010-5

The Johannesburg Golf Club Limited, for —

1. the amendment of the conditions of title of Erven 129 to 133, Linksfeld in order to permit the erection of ten dwelling-houses; and

2. the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the said erven from "Private Open Spaces" to "Residential 1" with a density of one dwelling per 1 500 m².

This amendment scheme will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1324.

PB 4-14-2-776-4

Administrator's Notice 2327 19 December 1984

DECLARATION OF ACCESS ROAD OVER THE FARM BUISKOP 464 KR

The Administrator hereby declares that in terms of the provisions of section 48(1)(a) of the Roads Ordinance, 1957, an access road, 8 metres wide shall exist over Portions 38 and 40 of the farm Buiskop 464 KR.

The general direction, situation and extent of the reserve width of the said access road, is shown on the sub-joined sketchplan.

In terms of the provisions of section 5A(3) of the said Or-

melde Ordonnansie, word hiermee verklaar dat die grond wat die toegangspad in beslag neem, met ysterpenne afge-merk is.


UKB 2154 gedateer 20 November 1984

DP 01-014W-23/24/B-1

dinance, it is hereby declared that the land taken up by the said access road, has been demarcated by means of iron pegs.

ECR 2154 dated 20 November 1984

DP 01-014W-23/24/B-1



Administrateurskennisgewing 2328 19 Desember 1984

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: AAN-NAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE BRANDWEERDIENSTE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, ge- lees met artikel 17 van die Ordonnansie op Brandweer- dienste, 1977:

(a) Dat die Dorpsraad van Leeuwardoornstad die Stan- daardverordeninge Betreffende Brandweerdienste, afge- kondig by Administrateurskennisgewing 1771 van 23 De- sember 1982, ingevolge artikel 96bis(2) van eersgenoemde Ordonnansie, sonder wysigings aangeneem het, as veron- dering wat deur genoemde Raad opgestel is; en

(b) die Tarief van Gelde vir Brandweerdienste hierby as 'n Bylae by genoemde verordeninge.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE VIR BRANDWEERDIENSTE

1. Brandbestryding- en ander Nooddienste buite die Mu- nicipaliteit:

- (1) Uitroepgelde per brandweerwa: R75; plus
- (2) brandweertuistrusting: Pompe, per uur of gedeelte daarvan: R40.

2. Brandbestryding- en ander Nooddienste binne die Mu- nicipaliteit:

- (1) Uitroepgelde per brandweerwa: R50; plus
- (2) brandweertuistrusting: Pompe, per uur of gedeelte daarvan: R25.

3. Brandblusmiddels:

(1) Waar 'n skuimmiddel, droë poeier, droë ys (vaste CO₂), ligte water of enige ander blusmiddel as water ge- bruik word, word die koste bereken volgens die aankoop- prys van die middel, plus 20 %.

(2) Water: Vir elke kl water of gedeelte daarvan ge- bruik, word die koste bereken volgens die Raad se heer- sende tarief per kl water.

4. Diverse Dienste:

Waar die dienste van die brandweerafdeling binne die munisipaliteit benodig word vir dienste anders as waar

Administrator's Notice 2328 19 December 1984

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO FIRE-BRI- GADE SERVICES

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 17 of the Fire-Brigade Services Ordinance, 1977, publishes that:

(a) The Village Council of Leeuwardoornstad has in terms of section 96bis(2) of the first-mentioned Ordinance adopted without amendment the Standard By-laws Relat- ing to Fire-Brigade Services, published under Administra- tor's Notice 1771, dated 23 December 1981, as by-laws made by the said Council; and

(b) the Tariff of Charges for Fire-Brigade Services here- to as a Schedule to the said by-laws.

SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES FOR THE FIRE-BRIGADE SERVICES

1. Fire-fighting and other Emergency Services outside the Municipality:

- (1) Turning-out charges, per fire-engine: R75; plus
- (2) fire-fighting equipment: Pumps, per hour or part thereof: R40.

2. Fire-fighting and other Emergency Services within the Municipality:

- (1) Turning-out charges, per fire engine: R50; plus
- (2) fire-fighting equipment: Pumps, per hour or part the- reof: R25.

3. Fire-Extinguishing Media:

(1) Where a foam compound, dry powder, dry ice (solid CO₂), light water or any other extinguishing medium other than water is used, the charges shall be determined accord- ing to the cost thereof plus 20 %.

(2) Water: For each kl of water or part hereof used, the charges shall be determined according to the council's cur- rent rate per kl of water.

4. Sundry Services:

Where the services of the Fire-Department are required within the municipality other than endangered human lives

menslike lewens in gevaar verkeer of eiendom bedreig word. per brandweerman, per uur of gedeelte daarvan: R5.

5. Vir die berekening van gelde betaalbaar word die tyd bereken vandat die brandweerwaens die brandweerstasie verlaat totdat hulle weer daarheen terugkeer.

PB 2-4-2-41-91

Administrateurskennisgewing 2329 19 Desember 1984

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Leeuwdoornstad, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 774 van 14 Mei 1975, soos gewysig word hierby verder gewysig deur Aanhangsel VII onder Bylae 2 deur die volgende te vervang:

"AANHANGSEL VII

GELDE VIR GOEDKEURING VAN BOUPLANNE

1.(1) Die gelde betaalbaar vir elke bouplan wat vir ooreweging voorgelê word, is soos volg:

(a) Die minimum geld betaalbaar vir enige bouplan: R15.

(b) Die gelde betaalbaar vir enige bouplan word volgens die volgende skaal bereken:

Vir elke 10 m² of gedeelte daarvan van die area van die gebou: R2,50.

(2) Vir die toepassing van hierdie item beteken "area" die totale oppervlakte van enige nuwe gebou op elke vloerhoogte op dieselfde erf en sluit verandas en balkonne oor openbare strate en kelderverdiepings, tussenverdiepings en galerye in.

2. Benewens die gelde betaalbaar ingevolge item 1 is 'n geld van 10c per m² van area soos in item 1 omskryf, betaalbaar ten opsigte van elke nuwe gebou waarin struktuurstaalwerk of gewapende beton of struktuurhoutwerk vir die hoofraamwerk of as hoofstruktuur-onderdele van die gebou gebruik word.

3. Gelde vir nuwe aanbouings aan bestaande geboue word ingevolge item 1 bereken met 'n minimum geld van R15.

4. Gelde ten opsigte van verbouings aan bestaande geboue word bereken volgens die waarde van werk wat verrig moet word, teen 'n skaal van R2 ten opsigte van elke R200 of gedeelte daarvan met 'n minimum geld van R15.

5. Gelde vir planne van geboue van 'n spesiale aard, byvoorbeeld fabriekskoornstene, toeringpitse of soortgelyke oprigtings, word bereken volgens die beraamde waarde daarvan teen 'n skaal van R2,50 vir elke R200 of gedeelte daarvan van die koste, met 'n minimum geld van R15."

PB 2-4-2-19-91

or property being threatened, per fireman, per hour or part thereof: R5.

5. For the purpose of calculating the charges payable the time shall be calculated from the time that the fire-engines leave the firestation until their return thereto.

PB 2-4-2-41-91

Administrator's Notice 2329 19 December 1984

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Building By-laws of the Municipality Leeuwdoornstad, adopted by the Council under Administrator's Notice 774, dated 14 May 1975, as amended are hereby further amended by the substitution for Appendix VII under Schedule 2 of the following:

"APPENDIX VII

CHARGES FOR THE APPROVAL OF BUILDING PLANS

1.(1) The charges payable in respect of every building plan submitted for consideration shall be as follows:

(a) The minimum charge payable in respect of any building plan: R15.

(b) The charges payable for any building plan shall be calculated according to the following scale:

For every 10 m² or part thereof of the area of the building at the level of each floor: R2,50.

(2) For the purpose of this item "area" means the overall superficial area of any new building at each floor level within the same curtilage and includes the area of verandas and balconies over public streets and basement floors, mezzanine floors and galleries.

2. In addition to the charges payable in terms of item 1, a charge of 10c per m² of areas as defined in item 1 shall be payable for any new building in which structural steelwork or reinforced concrete or structural timber is used for the main framework or as main structural components of the building.

3. Charges for plans for new additions to existing buildings shall be calculated as set out in item 1 with a minimum charge of R15.

4. Charges for alterations to existing buildings shall be calculated on the estimated value of the work to be performed at the rate of R2 for every R200 or part thereof with a minimum charge of R15.

5. Charges for plans of buildings of a special character such as factory chimneys spires or similar erections shall be calculated on the estimated value thereof at the rate of R2,50 for every R200 or part thereof with a minimum charge of R15."

PB 2-4-2-19-91

Administrateurskennisgewing 2330

19 Desember 1984

MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD: WYSIGING VAN VERORDENINGE OP RIOLERINGSTELS EN VAKUUMTENKVERWYDERINGS

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge op Rioleringsstels en Vakuumtenkverwyderings van die Munisipaliteit Leeuwardoornstad, afgekondig by Administrateurskennisgewing 6 van 7 Januarie 1970, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE

Tarief van Gelde

Die volgende gelde is maandeliks aan die Raad betaalbaar vir die wegdoen van rioolwater.

1. Administrasieraad:

Biersaal, wat insluit kantore en raadsaal: R850.

Kompongs, per 30 m² van die vloeroppervlakte of gedeelte daarvan: R80.

Wassery: R50.

2. Afrikaanse Handelshuis, Handelsbanke, Poskantoor en Leodan Staalwerke: R60.

3. Hotel, wat insluit alle okkupeerders op Persele 336, 337 en 338 geleë in die dorpsgebied Leeuwardoornstad: R300.

4. Kliniekskool: R500.

5. Laerskool: R350.

6. S.A. Polisie: Aanklagkantoor, Selle en Hofsaal: R300.

7. S.A.V.F.: Perseel 729: R120.

8. S.W.T.L.K.: Hoofkantoor: R800.

Handelstak: R60.

Dienssentrum: R250.

Silo: R40.

9. S.A. Vervoerdienste: Elektrifikasiedepot: R100.

Alle ander punte gesamentlik: R600.

10. Woonstelle: per woonstel: R20.

11. Woonhuise en enige ander verbruikers nie elders genoem nie: R20.

12. S.E. Blanke behuising: per vrag van 4,5 k/ of gedeelte daarvan: R5.

13. Verwyderings buite normale werkure: per vrag van 4,5 k/ of gedeelte daarvan: R30.

14. Verwyderings buite die munisipale gebied, per vrag van 4,5 k/ of gedeelte daarvan: R30.

15. Departementeel: per suigpunt: R10."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat tree op 1 Januarie 1985 in werking.

PB 2-4-2-153-91

Administrator's Notice 2330

19 December 1984

LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY: SEWERAGE SYSTEMS AND VACUUM TANK REMOVALS BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Sewerage Systems and Vacuum Tank Removals By-laws of the Leeuwardoornstad Municipality, published under Administrator's Notice 6, dated 7 January 1970, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

"SCHEDULE

Tariff of Charges

The following charges shall be payable monthly to the Council for the disposal of sewerage.

1. Administration Board:

Beer hall, which includes offices and council chamber: R850.

Compound, per 30 m² of the floor area or part thereof: R80.

Laundry: R50.

2. Afrikaanse Handelshuis, Leodan Staalwerke, Post Office, Commercial Banks: R60.

3. Hotel, which includes all occupants on Stands 336, 337 and 338 situate in the township Leeuwardoornstad: R300.

4. Clinic School: R500.

5. Primary School: R350.

6. S.A. Police: Charge Office, Police Cells and Court: R300.

7. S.A.W.F.: Stand 729: R120.

8. S.W.T.L.K.: Head Office: R800.

Trading Centre: R60.

Service Centre: R250.

Silo: R40.

9. S.A. Transport Services: Electrification Depot: R100.

All other points together: R600.

10. Flats: per flat: R20.

11. Dwellings and any other consumers not mentioned elsewhere: R20.

12. Sub-economic housing for whites per load of 4,5 k/ or part thereof: R5.

13. Removals after normal working hours: per load of 4,5 k/ or part thereof: R30.

14. Removals outside the Municipal area, per load of 4,5 k/ or part thereof: R30.

15. Departmental: per suction point: R10."

The provisions contained in this notice shall be applicable from 1 January 1985.

PB 2-4-2-153-91

Administrateurskennisgewing 2331

19 Desember 1984

MUNISIPALITEIT RANDBURG: WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Randburg, deur die raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1551 van 27 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 15A(3) die uitdrukking "van R10 per dag" deur die uitdrukking "soos voorgeskryf in artikel 367" te vervang.
2. Deur in artikel 33(2)(e) die uitdrukking "van R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande" deur die uitdrukking "soos voorgeskryf in artikel 367" te vervang.
3. Deur in artikel 35(3) die uitdrukking "van hoogstens R10" deur die uitdrukking "soos voorgeskryf in artikel 367" te vervang.
4. Deur in artikels 36(6), en 42(1) en (2) die uitdrukking "van hoogstens R10 per dag" deur die woorde "soos voorgeskryf in artikel 367".
5. Deur in artikel 219(1) die uitdrukking "bourommel, afvalboumateriaal", te skrap.
6. Deur artikel 223 deur die volgende te vervang:

"Aansoek ten Opsigte van Tekens

223.(1) Niemand mag 'n teken skilder, bevestig, aanplak of oprig, tensy —

(a) hy skriftelik by die raad aansoek doen op 'n vorm wat deur die ingenieur verskaf word;

(b) detailtekeninge van sodanige teken volgens 'n skaal van ten minste 1:20, en 'n blokplan volgens 'n skaal van ten minste 1:500 wat die ligging van die teken op die terrein aandui, indien;

(c) dit skriftelik deur die ingenieur laat goedkeur; en

(d) hy enige voorwaarde wat deur die raad opgelê word, nakom.

(2) Iemand wat enige voorwaarde wat ingevolge subartikel (1)(d) opgelê is, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf."

7. Deur artikel 224 deur die volgende te vervang:

"Woordomskrywing

224. In hierdie hoofstuk, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

'gemagtigde beampte' iemand wat deur die raad daartoe gemagtig is;

'magasynmeester' die beampte in diens van die raad wat die amp van magasynmeester beklee of 'n persoon wat in daardie amp waarneem;

'munisipale magasyn' die munisipale magasyn van die raad;

'skutting' enige skerm of heining wat gebruik word of gebruik kan word, op of naby of in sig van enige straat, om enige advertensie of advertensietoestel aan te plak, uit te stal of te vertoon, en omvat 'n skerm of heining wat 'n gebou of materiale omsluit onderwyl bouers aan die werk is, of wat 'n uitgraving omsluit;

'teken' enige advertensie of advertensietoestel van eni-

Administrator's Notice 2331

19 December 1984

RANDBURG TOWN COUNCIL: AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Building By-laws of the Randburg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1551, dated 27 August 1975, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 15A(3) for the expression "of R10 per day" of the expression "as prescribed in section 367".
2. By the substitution in section 33(2)(e) for the expression "of R100 or, in default of payment, imprisonment for a period not exceeding six months" of the expression "as prescribed in section 367".
3. By the substitution in section 35(3) for the expression "not exceeding R10" of the expression "as prescribed in section 367".
4. By the substitution in sections 36(6), 42(1) and (2) for the expression "not exceeding R10 per day" of the words "as prescribed in section 367".
5. By the deletion in section 219(1) of the expression "building rubble, building debris".
6. By the substitution for section 223 of the following:

"Applications for Signs

223.(1) No person shall paint, fix, post or erect a sign without having —

(a) made application in writing to the council on a form supplied by the engineer;

(b) submitted detailed drawings of such sign to a scale of not less than 1:20 and a block plan indicating the position of the sign on the site, to a scale of not less than 1:500;

(c) obtained the written consent of the engineer thereto; and

(d) complied with any condition imposed by the council.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with any condition which has been imposed in terms of subsection (1)(d), shall be guilty of an offence."

7. By the substitution for section 224 of the following:

"Definitions

224. For the purpose of this chapter, unless the context otherwise indicates —

'authorized officer' means an officer authorized thereto by the Council;

'hoarding' means any screen or fence which is used or capable of being used for the posting, exhibition or display of any advertisement or advertising device on or near or in view of any street, and includes a screen or fence enclosing a building or materials while builders are at work, or enclosing an excavation;

'municipal store' means the municipal store of the council;

'sign' means any advertisement or advertising device of

gerlei aard wat van enige straat af sigbaar is, maar omvat nie 'n advertensie wat binne 'n gebou aangebring is of enige advertensie van 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms vir kerklike, amateursport-, opvoedkundige, politieke of liefdadigheidsdoeleindes, of van die kandidatuur van iemand wat vir verkiesing tot die Parlement, die Transvaalse Provinsiale Raad of die raad benoem is nie en "advertensieteken" het dieselfde betekenis."

8. Deur artikel 239 met die volgende te vervang:

"Verwydering van Tekens"

239.(1) Enigiemand wat in stryd met die bepalings van hierdie verordeninge, 'n teken op, langs of oor enige straat, looppad of sypaadje oprig, laat oprig of besit of wie se naam op die teken voorkom, word geag die eienaar van sodanige teken te wees en 'n gemagtigde beampte kan —

(a) die eienaar skriftelik opdrag gee om die teken binne 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van die kennisgewing te verwyder, by gebreke waaraan die gemagtigde beampte self die teken kan verwyder of laat verwyder en ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) daarmee handel; of

(b) sonder vooraf kennisgewing, self die teken verwyder en ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) daarmee handel.

(2) Die eienaar is aanspreeklik vir die betaling van enige koste wat deur die raad aangegaan is in die verwydering van enige teken.

(3) Enige teken aldus deur die raad verwyder, word in die sorg van die magasynmeester by die munisipale magasyn geplaas.

(4) Die magasynmeester publiseer na goeddunke 'n kennisgewing in 'n nuusblad soos beoog in artikel 110 van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961, waarin vermeld word —

(a) die naam van die eienaar van sodanige teken (indien beskikbaar);

(b) die aantal tekens wat aldus geberg word;

(c) dat enige sodanige teken teen betaling van die verskuldigde gelde soos beoog in subartikel (2) hierbo, deur die eienaar daarvan opgeëis kan word;

(d) dat enige teken wat na verloop van 'n tydperk van een maand na die datum van publikasie van genoemde kennisgewing nog nie opgeëis is nie, deur die raad per openbare veiling verkoop sal word; en

(e) dat die opbrengs van die openbare veiling inkomste ten gunste van die raad sal wees.

(5) Die raad is nie aanspreeklik vir diefstal, beskadiging of die verlies van enige teken of die verkoop daarvan per openbare veiling nie en indien enige teken na betaling van die verskuldigde gelde onopsetlik aan enige persoon anders as die eienaar daarvan, gelewer word, het die eienaar van sodanige teken geen eis of verhaalsreg teen die raad nie."

9. Deur in artikel 240(9)(a) die uitdrukking "van hoogstens R100" deur die uitdrukking "soos voorgeskryf in artikel 367" te vervang.

10. Deur in artikel 241(7) die uitdrukking "van hoogstens R100 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf" en "van hoogstens R50 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf" onderskeidelik deur die uitdrukking "soos voorgeskryf in artikel 367" te vervang.

any kind which is visible from any street but does not include an advertisement placed inside a building or any advertisement of an ecclesiastical, amateur sporting, educational, political or charitable meeting, event or function or of the candidature of any person nominated for election to Parliament, the Transvaal Provincial Council or the council and "advertising sign" has the same meaning:

"storekeeper" means the officer in the service of the council who holds the position of storekeeper or a person acting in that capacity."

8. By the substitution for section 239 of the following:

"Removal of Signs"

239.(1) Any person who, in contravention of the provisions of these by-laws, erects a sign or causes a sign to be erected on or over any street, footway or pavement, or who possesses such sign or whose name appears on the sign, shall be regarded as the owner of such sign, and an authorized officer may —

(a) instruct the owner in writing to remove the sign within a period of 14 days from date of the notice, failing which the authorized officer may remove such sign himself or cause such sign to be removed and deal therewith in terms of the provisions of sub-section (3); or

(b) remove the sign himself without prior notice, and deal therewith in terms of the provisions of subsection (3).

(2) The owner shall be responsible for the payment of any costs incurred by the council in the removal of any sign.

(3) Any sign thus removed by the council, shall be placed in the care of the storekeeper at the municipal store.

(4) The storekeeper shall, in his discretion, publish a notice in a newspaper as contemplated in section 110 of the Provincial Government Act, 1961, wherein shall be stated —

(a) the name of the owner of any such sign (if available);

(b) the number of such signs being so stored;

(c) that any such sign may be claimed by the owner thereof on payment of the prescribed charge as contemplated in subsection (2) above;

(d) that any sign which has not been claimed after a period of one month from the date of publication of the said notice, shall be sold by the council by public auction; and

(e) that the proceeds of the public auction, shall be revenue in favour of the council.

(5) The council shall not be liable as a result of theft, damage to or loss of any sign or the selling thereof by public auction, and the owner of any sign shall have no claim or right of redress against the council should such sign be handed over unintentionally to any person other than the owner thereof, after payment of the prescribed charge."

9. By the substitution in section 240(9)(a) for the expression "not exceeding R100" of the expression "as prescribed in section 367".

10. By the substitution in section 241(7) for the expressions "not exceeding R100 or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment" and "not exceeding R50 or imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and imprisonment" of the expression "as prescribed in section 367" respectively.

11. Deur artikel 367 deur die volgende te vervang:

"Algemene Boetes"

367. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of 'n misdryf daarteen begaan, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande en in die geval van 'n voortgesette misdryf, met 'n verdere boete van hoogstens R100 vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur ná 'n skriftelike kennisgewing deur die raad uitgereik is waarin vereis word dat sodanige oortreding gestaak word."

PB 2-4-2-19-132

Administrateurskennisgewing 2332 19 Desember 1984

MUNISIPALITEIT STANDERTON: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Standerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 697 van 20 September 1950, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikel 1 te wysig deur —

(a) die woordskrywing van "perseel" deur die volgende te vervang:

" 'perseel' enige stuk grond wat uitgelê is vir hoogstens twee grafte en ten opsigte waarvan die uitsluitlike reg deur enigen gekoop is om dit vir begraafdoeleindes te gebruik op die voorwaardes vermeld in artikel 28;";

(b) die volgende woordskrywings na die woordskrywing van "volwassene" by te voeg:

" 'berm' 'n betonbasis wat die Raad in 'n grasperkseksie aan die koppenent van enige graf aangebring het;

'grasperkseksie' 'n begraafplaas of afdeling van 'n begraafplaas wat die Raad afgesonder het en waar die grootte en gedenkwerk beperk word soos beoog ingevolge artikel 92(2).";

2. Deur artikel 21 deur die volgende te vervang:

"Klagtes"

21. Iedereen wat 'n klagte wil indien, moet sodanige klagte skriftelik aan die Stadsklerk rig."

3. Deur in artikel 34 die woorde "minstens twaalf uur" deur die woorde "minstens agt werksure" te vervang.

4. Deur artikel 40 deur die volgende te vervang:

"Diepte van 'n graf"

40. Geen graf vir 'n volwassene mag minder as 2 m en geen graf vir 'n kind minder as 1,5 m diep uitgegrawe wees nie."

5. Deur in artikel 42 die uitdrukkings "4 voet" en "3 voet" onderskeidelik deur die uitdrukkings "1,2 m" en "900 mm" te vervang.

6. Deur in artikel 46 die woorde "een voet" deur die uitdrukking "300 mm" te vervang.

7. Deur artikel 69 deur die volgende te vervang:

"Tuinmaak op grafte"

69. Niemand, behalwe die Raad, mag op grafte tuinmaak nie."

11. By the substitution for section 367 of the following:

"General Penalties"

367. Any person who contravenes or commits a breach of any provision of these by-laws, shall be liable on conviction to a fine not exceeding R300 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 12 months, and in the case of a continuing offence, to a further fine not exceeding R100 for every day during the continuance of such offence after a written notice has been issued by the council requiring the discontinuance of such offence."

PB 2-4-2-19-132

Administrator's Notice 2332

19 December 1984

STANDERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Cemetery By-laws of the Standerton Municipality, published under Administrator's Notice 697, dated 20 September 1950, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By amending section 1 by —

(a) the substitution for the definition of "plot" of the following definition:

" 'plot' shall mean any piece of ground laid out for not more than two graves in respect of which the exclusive right to enter has been acquired by any person in terms of section 28. ";

(b) the addition after the definition of 'adult' of the following definitions:

" 'berm' shall mean a concrete base laid by the Council at the head of any grave in a lawn section;

'lawn section' shall mean a cemetery or section of a cemetery set aside by the Council where memorial work shall be restricted in size as contemplated by section 92(2). "

2. By the substitution for section 21 of the following:

"Complaints"

21. Any person wishing to lodge any complaint shall submit such complaint in writing to the Town Clerk."

3. By the substitution in section 34 for the words "not less than twelve hours" of the words "not less than eight working hours".

4. By the substitution for section 40 of the following:

"Depth of grave"

40. No adult's grave shall be less than 2 m and no child's grave shall be less than 1,5 m in depth."

5. By the substitution in section 42 for the expressions "4 feet" and "3 feet" of the expressions "1,2 m" and "900 mm" respectively.

6. By the substitution in section 46 for the words "one foot" of the expression "300 mm".

7. By the substitution for section 69 of the following:

"Gardening of graves"

69. No person other than the Council shall garden any grave."

8. Deur artikel 71 deur die volgende te vervang:

"Voorwerpe op grafte"

71.(a) Natuurlike- of kun blomme en die houters waarin hul geplaas is kan te eniger tyd op 'n graf geplaas word: Met dien verstande dat sodanige blomme op 'n graf met 'n berm, slegs in 'n houer in die holte wat in die berm of grafsteen voorsien is, geplaas mag word;

(b) Die beheerbeampte of enige lid van sy personeel kan natuurlike- of kun blomme en enige houters wat op 'n graf geplaas is, verwyder wanneer dit verwelk, verbleik of beskadig is."

9. Deur artikel 82 te wysig deur —

(a) in paragraaf (a) en (d) die woorde "twee duim" deur die uitdrukking "50 mm" te vervang;

(b) in paragraaf (e) die uitdrukkings "9 duim" en "8 duim" onderskeidelik deur die uitdrukkings "225 mm" en "200 mm" te vervang;

(c) in paragraaf (g) die uitdrukking "6 duim" deur die uitdrukking "150 mm" te vervang;

(d) in paragraaf (1)(3) die uitdrukking "3 voet by 1 voet by 1 voet" deur die uitdrukking "900 mm by 300 mm by 300 mm" te vervang;

(e) in paragraaf (1)(4) die uitdrukkings "3 voet 8 duim", "12 duim", "6 duim" en "6 duim" onderskeidelik deur die uitdrukkings "1,1 m", "300 mm", "150 mm" en "150 mm" te vervang;

(f) in paragraaf (1)(5) die uitdrukkings "3 voet 8 duim", "12 duim" en "4 duim" onderskeidelik deur die uitdrukkings "1,1 m", "300 mm" en "100 mm" te vervang; en

